Dinsdag **17 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:169-176**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:171-172**

**Insig in die wet van die Here laat my loof en sing**

Hoe meer ons met die wet te doen het, hoe meer het ons met God self te doen. Hoe nader ons aan God groei in gehoorsaamheid aan sy wet, hoe meer insig gee Hy ons in die verstaan van die lewe en ons omstandighede (Ps. 119:144).

Nou is die mooie: Hoe meer insig ons kry uit ons groeiende verhouding met God, hoe meer ons verstaan wat die sin van ons lewe is saam met Hom, hoe sterker groei ons dankbaarheid. Dit dring ons meer en meer om Hom te loof en prys.

Wanneer ons werklik besef hoe diep ons sondenood is (wat die wet ons leer), verstaan ons hoe onbeskryflik die genade van die Here is. Hy het sy eie Seun gegee om ons hieruit te verlos. Hy gee ons nuwe lewe saam met Hom – en dit begin reeds hier op aarde. Ons verdien dit nie, maar Hy doen dit omdat Hy ons liefhet.

Wie sal nie in lofsange wil uitbreek nie! Die digter van Psalm 119 lei ons hierin:

- vers 171: Die lof sal oor my lippe stroom, want U leer my u voorskrifte.
- vers 172: Ek sal u woord besing, want al u gebooie is regverdig.
- vers 175: Laat my lewe dat ek U kan loof, laat u bepalings my steun wees.

Om die wet van die Here te gehoorsaam, is nie ’n las nie. Inteendeel: dit is iets wat ek graag doen, want dit laat my sy onbeskryflike genade vir my (verlore sondaar!) raaksien.

*Sing: Psalm 119-1: 61-63*

*Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)*